# GRENDELTYD LES: Waar alles begin het

## 1. YSBREKER:

As julle klei in die huis het, laat elke lid van die gesin iets uit klei maak. Deel papiertjies uit waarop jy van die volgende skryf: olifant, boom, blom, vis, maan en sterre, son, man, vrou ens., dit wat jy trek moet jy uit klei uit maak.

Indien julle NIE klei in die huis het nie kan elkeen dit teken wat hulle getrek het.

## 2. IN DIE BEGIN:

Wie kan raai waaroor ons vanaand gaan gesels? Die skepping! Elkeen het nou iets uit die skepping uit klei gemaak, met julle hande. Kom ons kyk HOE God geskep het, en WAT Hy geskep het.

- ***Sit AL die ligte in die huis af….***

- Gen 1:1-3 "In die begin het God die hemel en die aarde geskep. Die aarde was heeltemal onbewoonbaar (dit beteken niemand kon op die aarde bly nie), dit was donker op die water, maar die Gees van God het oor die waters gesweef. Toe het God gesê: "Laat daar lig wees!" En daar was lig….."

- ***Sit die ligte aan***

- So het God dan begin met die skepping. Hy het elke dag iets gemaak, daarna gekyk en gesê dat dit goed was.

**GROEPWERK KOMPETISIE: DIE SKEPPING**

Afhangende van hoe groot die gesin is, deel julle in pare op, elke paar kry 'n stel prente met wat op die verskillende dae van die skepping gemaak is, julle moet lees wat God gemaak het, en dan so vinnig soos julle kan dit teen die muur onder die verskillende dae plak. Moenie net agter ander pare aan plak nie, maak seker wat hoort waar – die ander pare mag verkeerd wees.

Gebruik die God skep die wonderlike wêreld leesstuk hiervoor.

## LEESSTUK: God skep die wonderlike wêreld

In die begin, toe God begin het om die hemel en die aarde te maak, het die aarde geen vorm gehad nie. Die Gees van God het oor die donker waters gesweef. "Laat daar lig wees!" het God gesê. Toe kom daar lig, en God het die lig en die donker geskei. Hy het die lig "dag" genoem, en die donkerte "nag". Dit was die eerste dag.

"Laat die blou lug en die water van mekaar skei," het God gesê, en toe het die lug en die oseane gevorm. Dit was die tweede dag.

"Laat die water en die land van mekaar skei," het God gesê, en die droë grond "land" genoem, en die water "see". God was tevrede. Hy het ook gras en plante laat groei, en bome wat saad gee. Dit het alles op die derde dag gebeur.

Op die vierde dag het God die son, die maan en die sterre gemaak. Die son het bedags geskyn en die maan en die sterre snags. God was tevrede met Sy handewerk.

Op die vyfde dag het God visse en voëls geskape, en op die sesde dag al die ander lewende diere. Hy was ook hiermee tevrede. Op die sesde dag het God ook die eerste mens, Adam en sy vrou, Eva, gemaak.

God het toe die man en vrou in 'n pragtige tuin laat bly wat Eden genoem is. Hulle moes vir God die tuin en die diere oppas. Nadat God alles geskape het, het Hy op die sewende dag gerus. Hy was tevrede met Sy werk en met die spesiale rusdag. God het hierdie dag heilig genoem, want dit was die dag waarop Hy gerus het van al Sy werk.

**Verhaal geneem uit Gunsteling Bybelverhale vir kinders, bl 16-17, V. Gilbert Beers en Ronald A. Beers**

## Groepwerk Vrae: Die Skepping:

Die skepping is een van die wonderlikste dele in die Bybel om te lees. Dink daaraan dat dit is waar ons leer hoe alles begin het soos hoe die sterre en die maan gemaak is en waar die diere vandaan kom. Tog lees ons soms net baie vinnig oor dit en vergeet net so vinnig as wat ons gelees het wat gebeur het. Of ons dink dalk dis boring en lees dit glad nie. Gebruik die vrae oor die skepping om saam as gesin meer oor die skepping te leer.

## 3. EN TOE IS DIT NIE MEER GOED NIE

**Adam en Eva doen sonde – Genesis 3**

Toe God Adam en Eva in die tuin laat bly het, het Hy hulle alles gegee wat hulle nodig het. Hulle mag van al die vrugtebome eet, behalwe van een. Dit is die vrugte van die boom van kennis van goed en kwaad. "Hierdie vrugte mag julle nie eet nie," het God gesê. "As julle dit doen, sal julle sterf."

Eendag het 'n slang vir Eva kom sê: "Jy sal nie sterf as jy van hierdie vrugte eet nie. Jou oë sal oopgaan, en jy sal net so slim soos God wees."

Eva het die slang geglo. Die vrugte het so lekker gelyk dat sy daarvan geëet en ook vir Adam gegee het om te eet. Adam weet wat God gesê het, maar hy eet ook van die vrugte. Skielik het hulle agtergekom dat hulle nie klere aanhet nie. Hulle was skaam en het vir hulle klere van vyeblare gemaak.

Daardie aand het Adam en Eva vir God weggekruip. "Waar is julle?" het God geroep.

Toe vertel hulle vir God wat gebeur het. "Jy sal op jou pens seil en stof eet," het God vir die slang gesê. "Jy en die vrou se kinders sal altyd vir mekaar bang wees."
"En jy sal baie pyn hê wanneer jou kinders gebore word," het God vir Eva gesê, en vir Adam: "Jy sal hard moet werk vir jou kos, en wanneer jy doodgaan, sal jou liggaam teruggaan in die aarde waarvan Ek dit gemaak het."

God het Adam en Eva toe uit die tuin laat uitgaan en engele aangestel om hulle daar uit te hou. Daar was ook 'n vlammende swaard wat moes keer dat hulle van die vrugte van die boom van die lewe eet. As hulle daarvan sou eet, sou hulle vir altyd leef, maar nie soos God dit wou hê nie. Hulle gelukkige tyd in die tuin van Eden was nou vir altyd verby.

Ons het gehoor dat God 'n plan gehad het om vir Adam en Eva (die mens) te red nadat hulle sonde gedoen het. Kom ons kyk gou wat hierdie plan was….

***Hiervoor gaan jy ‘n boks gebruik wat mooi oorgetrek is, met ‘n deksel wat kan afhaal. Plaas binne in die boks ‘n klomp gemors, en dan ook ‘n kruis.***

Kyk hoe mooi is hierdie boks, dit laat ons amper dink aan hoe mooi die Tuin van Eden moes gewees het met die pragtige bome en plante en die diere.

Ons het gehoor dat die oomblik toe Adam en Eva van die vrug van die boom in die middel van die tuin eet, hulle albei se oë oopgegaan het….(haal die deksel van die boks af en begin die gemors uit die boks uithaal – soos jy dit uithaal noem jy dit ….. gagga, aaklig, gross, yucky, gemors, al die woorde wat sonde beskryf). Die oomblik toe Adam en Eva nie na God geluister het nie, het sonde in die wêreld ingekom.

Hulle oë het wel oopgegaan soos die satan gesê het, maar dit was nie vir die mooi en die goeie goed nie, maar vir dood en sleg.

God was kwaad en hartseer oor wat die mens gedoen het, en het hulle uit die Tuin van Eden gesit, want daar was nog ‘n boom in die Tuin met die naam “Boom van die Lewe”. God wou nie hê dat hulle van hierdie boom moes eet nie, want dan sou hulle vir altyd in sonde gebly het. Daarom het Hy hulle uit die Tuin van Eden gesit en die tuin deur gerubs (engele) met vlammende swaarde wat heen en weer beweeg laat oppas sodat hulle nie sou kon teruggaan nie.

## Sonde het gevolge:

Daar is nou ‘n sonde probleem (wys die gemors in die boks), en daarvoor is daar gevolge, want daar is ALTYD gevolge vir sonde. Kom ons praat gou oor gevolge.

Dit kan bv. wees wanneer jy gesê word om jou kamer skoon te maak en as jy nie luister nie, neem ons ‘n speelding weg of jy mag nie televisie kyk nie. (by die voorbeeld kan jy die gevolg gebruik wat in julle huishouding toegepas word.) Ons kan ook byvoorbeeld sê dat as jy nie jou huiswerk doen nie en juffrou dit sien, kry jy uitskryfwerk of ‘n swart kol. Dit is die gevolg van nie jou huiswerk doen nie.

**Groepwerk**: Lees gou as gesin Gen 3:14-19 en kyk wat die gevolge vir die mens en ook vir satan was!! Ja, glo dit as jy wil, wat satan gedoen het, het ook gevolge vir HOM gehad!!!

## Genesis 3:14-19 Die Here is hartseer:

Die Here was baie hartseer oor wat gebeur het. Hy het vir die slang gesê: “Van nou af sal dit met jou sleg gaan omdat jy dit gedoen het! Anders as al die ander diere, sal jy van nou af op jou pens seil. Jy sal stof eet so lank jy lewe. Van nou af sal mense niks van jou hou nie. Hulle sal sommer jou kop papslaan as hulle jou sien! En jy sal hulle aan die hakskeen byt as hulle by jou verbyloop.”

Vir die vrou het die Here gesê: “Van nou af sal jy baie pyn hê wanneer jou babatjies gebore word. Jy sal jou man al hoe nodiger kry. Jy sal nie sonder hom kan lewe nie. Boonop sal jy na hom moet luister, al is jy nie regtig lus daarvoor nie.”

Vir die man het die Here gesê: “Jy was regtig ongehoorsaam. Jy het na jou vrou geluister en nie na My nie. Jy het geëet van die vrugte terwyl Ek mos duidelik gesê het jy mag dit nie doen nie! Omdat jy so ongehoorsaam was, gaan die hele aarde van nou af swaar kry. Jy sal baie hard moet werk om aan die lewe te bly. Allerhande soorte bossies gaan opkom en die lewe vir jou moeilik maak. Jy sal moet werk dat die sweet loop. Uiteindelik sal jy doodgaan. Jou liggaam sal weer grond word, want jy is mos net van grond gemaak!”

Gedeelte geneem uit die Bybel@kinders.co.za, bl15, Redakteur Hennie Stander

Wat het ons in hierdie stukkie gehoor oor gevolge?

- Die slang sal seil op die grond en mense sal nie van slange hou nie.
- Vrouens sal met baie pyn babatjies hê.
- Die aarde sal nie meer ‘n perfekte plek wees soos in die Tuin van Eden nie. Die man sal hard moet werk.
- Die mens sal nou doodgaan.

Weet julle dat tussen al die gevolge, het ek gehoor dat God ‘n plan vir ons gemaak het? Het julle dit ook gehoor?

## Die Reddings plan:

Wat is die plan?

God het in Gen 3:14; 16-19 nie net vir die mens en satan vertel wat hulle straf sou wees nie, maar ook dat Hy ‘n plan sou maak om die mens, wat nou sonde het, te red.

In Gen 3:15 sê God vir die slang dat hy die vrou se seun in die haakskeen sou byt…. maar dat die vrou se seun die slang se kop sou papslaan.

WIE is die Seun van die vrou waarvan God hier praat? (haal die kruis uit die boks uit). Die Seun is Jesus wat gekruisig sou word vir ons sondes. En Jesus sou die satan se kop papslaan wanneer Hy aan die kruis hang, en na drie dae opstaan uit die dood. So het Jesus die dood en die satan gewen.

## Wat beteken dit vir my en jou?

Ek en jy is vol sonde gebore, maar ons hoef nie so te bly nie, want God het ‘n Plan om ons te red vir ons gemaak. As ons Jesus Christus in ons harte innooi, dan hoef ons nie vir ‘n ewigheid saam met satan in die hel te wees nie.

Sonde kan baie lekker lyk, maar dis eintlik gagga. Almal het ‘n sonde probleem. Jy kan kies om die vuil gemors in die boks te hou, jou lewe so te leef, en die gevolge van jou sondes te dra (sit die vuil goed in die boks).


**OF** jy kan kies om die gemors uit die boks te haal, jou lewe vir Jesus te gee (haal die gemors uit die boks en sit die kruis in die boks) en nie self die straf vir jou sondes te dra nie, want Jesus het dit klaar vir jou aan die kruis gedoen.

Hierdie is ‘n keuse wat NET jy kan doen. As jy nog nie jou hartjie vir Jesus gegee het nie en jy wil graag, kan ons nou saam ‘n gebed doen.


**(Ouers, dit is belangrik om die kinders nie te forseer om Jesus aan te neem nie. Laat dit hulle keuse wees en laat die Heilige Gees hulle oortuig. Sou hulle die keuse vir Jesus wil maak, sluit ons ‘n maklike gebed by die les in om jou te help om hulle na Jesus te lei.)**

Sluit af as gesin met gebed.

**GROEPWERK KOMPETISIE: Die Skepping**



Lig
en
Donker



Wolke
en
Oseane



Son
Maan
en
Sterre



Land
Plante
en
Bome



Visse
en
Voëls



Die Mens
en
Diere



God
het
Gerus

## SKEPPING: Groepwerk vrae

Druk die uitdeelstuk met die woorde wat ontbreek uit asook die prentjies. Knip die prentjies uit. Julle lees die gedeelte in die Bybel en moet die prentjie vind wat in die sin pas. Plak dit dan op die area waar die streep is om die sin te voltooi.

1. God het die aarde met alles daarop gemaak deur te ______________________ (Gen 1:3).


2. God het die aarde met alles daarop in __________________ dae gemaak (Gen 1:31).


3. Nadat God alles gemaak het, het Hy op die __________ dag ____________ (Gen 2:2).

4. Nadat God alles gemaak het, het Hy gesê dit was ____________ (Gen 1:31).

5. God het die mens uit die ____________ van die aarde gemaak en lewensasem in sy neus geblaas (Gen 2:7).


6. God het die vrou uit die ___________ van die ____________ gemaak (Gen 2:21-22).




















**Antwoorde:**
1. Praat
2. Ses
3. Sewende / gerus
4. goed
5. stof
6. Ribbebeen / mens

## Bekeringsgebed

Dis ‘n wonderlike ondervinding om iemand na die Here toe te lei, maar jy mag dalk wonder hoe om dit te en wat bid jy vir daardie persoon? Hier is ‘n paar wenke asook ‘n voorbeeld van ‘n gebed wat jy kan gebruik.

Gesprek voor gebed

Daar is ‘n paar dingetjies wat mens vooraf met die persoon wat tot bekering kom moet deel. As gelowiges wat langer die pad stap, is dit ons plig om jong gelowiges in te lig oor die strikke wat dalk op hulle pad kan kom. Sommige mense glo dat wanneer hulle hulle harte vir die Here gee, is als net maanskyn en rose en dis nodig om hulle te waarsku dat dit nie die geval is nie. Hier is ‘n paar punte om vir hulle te noem:

- Om te kies om Jesus te volg, is die beste besluit wat jy ooit kan maak, maar jy moet nou besef dat die Satan jou gaan teiken om jou te kry om op te hou Jesus volg;

- Hy kan mense en dinge oor jou pad stuur om jou te maak opgee en jy moet dit raaksien vir wat dit is en nie toelaat dat hy jou ontspoor nie;

- Onthou dat daar mense is met wie jy kan kom praat as dinge swaar raak, so moenie op jou eie probeer baklei nie;

- Jy moet nou nuut lewe en jy kan nie meer leef soos voorheen nie. Bekering beteken om jou rug op die wêreld te keer en nou in Jesus se voetspore te volg. Ons moet probeer om nie meer verkeerde dinge te doen nie en te luister na Jesus.

Gebed

Belangrike punte vir gebed:

1. Bid vir die persoon – dat hy/sy sal wegdraai van die wêreld se verkeerde dinge en Jesus sal volg.

2. Julle gaan nou saam bid. Sê vir die persoon dat hy/sy nou agter jou aan moet bid. Bid kort stukkies, sodat die persoon die woorde agterna kan bid. (Tsp metode)

3. Bid vir die persoon vir sekerheid dat hulle gered is - Gebruik teksverse soos bv Joh 1:12, Joh 3:16, Joh 10:28.
Bid vir die krag van die Heilige Gees in sy/haar lewe.

Teaspoon metode vir gebed. Dink aan die afkorting vir teaspoon – dis tsp. Dit sal jou help onthou wat om te bid wanneer jy iemand tot bekering lei.

T – Thank you
S – Sorry
P – Please

Jy kan soos volg bid en die persoon herhaal agter jou aan:

Dankie (thank you) Here Jesus dat U aan die kruis vir my gesterf het.

Jammer (sorry) dat ek my rug op U gedraai het en my eie pad wou volg. Vergewe asb al my sondes.

Asseblief (please) Heilige Gees kom woon nou in my hart.